

Ampsetiek

J I DE WET

1 Inleiding

1 1 Die samevoeging van die woorde “amp” en “etiek”, stel die vraag of daar so iets soos ampsetiek is, en indien wel, wat hierdie ampsetiek in onderskeiding van etiek in die algemeen en Christelike etiek in die besonder is. Dit is gevolglik nodig om kortliks aan te dui wat etiek is en ook een-en-ander oor die ampte te sê.

1 2 Etiek is 'n wetenskap en wel die wetenskap van die deug of deugsamheid. Dit ondersoek en beskryf die verskynsel dat mensehandelend optree en dat daardie menslike handeling dan goed of afgekeur word. Daarom vra die etiek na die objektiewe norm of riglyn vir goeie optrede en na die innerlike motief of gesindheid waaruit mense handel. Dit beskryf dan die goeie daad as 'n handeling wat plaasvind waar uiterlike norm en innerlike gesindheid harmonieus saamval en die slegte daad as die daad waarby norm en gesindheid in disharmonie verkeer. 'n Goeie mens is dan iemand wie se handeling voortspruit uit 'n innerlike gesindheid wat in ooreenstemming is met die geldende maatstaf of maatstawwe vir reg en verkeerd.

1 3 *Christelike etiek* is dan daardie etiek waarin die *Wet van God* geld as maatstaf vir wat reg en verkeerd is. 'n Christen is dan iemand wat handel vanuit 'n gesindheid wat in ooreenstemming is met die geldende norm vir reg en verkeerd naamlik die *Wet van God*. Juis hier lê die onderskeid tussen wettisisme en egte Christelike deug. Wettisisme ontstaan waar uiterlike wetsonderhouding vereis word sonder om te vra na die hart. By Christelike deug is daar nie sprake van so iets nie, maar wel van harmonie tussen norm en gesindheid wat voortvloei uit die geloof in Christus, dus eintlik deur die norm self geskep word. Juis om hierdie rede kan die Christelike deugsame lewe ook 'n lewe van dankbaarheid genoem word.

1 4 *Die ampte* kan nie nou hier breedvoerig bespreek word nie. Vir ons doel word slegs die aandag daarop gevestig dat die drie ampte bediening is wat vervul moet word. Die ampte kan dus slegs *handelend* beklee word. Die vraag waarom dit dus eintlik gaan, is of ons in die ampshandeling met deugsamehandeling te doen het of nie. Kan daar sprake wees van 'n objektiewe norm en innerlike gesindheid op so 'n wyse dat daar sprake kan wees van goeie of slegte ampsvervulling?

1 5 Die ampsetiek

Die Skrif en die ervaring leer ons dat daar goed- en afgekeur word ten opsigte van die ampsvervulling. 'n Mens hoor dikwels die uitdrukking "dis nou 'n goeie ouderling" of "daar is nou 'n slegte predikant". Paulus verklaar byvoorbeeld: "Laat die ouderlinge wat goed gekeer dubbele eer waardig geag word."

Al hierdie uitsprake is waarde-oordele wat die gevolg is van sedelike keuring. Daarom dui dit op maatstawwe wat aangelê is en gesindheid wat gemeet is en dui dit op die feit dat daar by die ampsvervulling sprake van goed of sleg in etiese sin is. Daar moet dus op een of ander wyse wel sprake kan wees van 'n ampsetiek, dit wil sê van 'n wetenskaplike ondersoek van die ampsnorme en die ampsgesindhede as gronde vir die sedelike keuring van ampsvervulling deur ampsdraers.

Wat meer is: Ek is van oordeel dat hierdie wetenskaplike ondersoek vir die kerk van lewensbelang is.

Voorlopig samevattend kan ons sê dat 'n wetenskaplike ondersoek wel etiek is en al werk dit ook met bepaalde veronderstellings van die Christelike etiek is dit nie die etiek van die dankbare Christelike lewe nie, maar in die besonder die etiek van die deugsame ampsvervulling. Die ampsetiek moet vir die kerk uitmaak wat goeie ampsvervulling is.

1 6 Voordat die hooflyne vir die ontwikkeling van 'n ampsetiek getrek kan word, is dit nodig om sommige moontlike misverstande wat mag ontstaan, eers af te wys.

2 Moontlike misverstande

2 1 Die amp kan nie opgelos word in die gemeente nie: Hiermee wil ons 'n moontlikheid wat in die hedendaagse denke bestaan, by die wortel afsny.

Hierdie gedagtelyn loop só: Die mondige mens is 'n taakvervuller van God en as gevolg van baie omstandighede soos ontwikkeling en dies meer is so 'n gesagsfiguur soos die tradisionele ampsdraers nie gewens nie en ook nie nodig nie. Voorstelle in hierdie verband kom dan ook daarop neer dat verskillende mense, soos tyd en omstandighede dit vereis, verskillende take wat deur ampsdraers verrig is op 'n ad hoc basis, dus sonder verkiesing of bevestiging, kan verrig.

Dit kom daarop neer dat die amp in die gemeente opgelos word. Daarmee verval alle sprake van ampsvervulling in die eintlike sin van die woord en gevolglik ook alle sprake van ampsetiek.

2 2 *Die een amp is nie meer as die ander nie.* Daarom kan nie net die predikant se ampsvervulling uitgesonder word as studie objek van

die ampsetiek nie. Aldrie die ampte is gelykwaardige ampte en die ampsvervulling van ampsdraers in alle ampte is studie-objek van 'n verantwoorde ampsetiek, anders kom die ampsetiek nie los van 'n hiërargie waarin die vervulling van die een amp hoër aangeslaan word as die vervulling van die ander ampte nie. So iets moet onvermydelik uitloop op 'n *dubbele moraal* naamlik vir lidmate een moraal en grade van moraliteit vir ampsdraers. Dit is dan inderdaad ook die resultaat wat bereik word wanneer ampsetiek gesien en beoefen word as 'n besondere toepassing van die Christelike etiek op die ampsdraers.

Dit lei tot die bevinding dat die ampsdraers se godsdiens en naastediens, hoër en suiwerder moet wees as dié van die lidmate. Dit behoef eintlik geen betoog om aan te toon dat so 'n graduele moraliteit in 'n reformatoriese kerk geen bestaansreg kan hê nie. Daar is mos net die een Woord van God en die een diens van God wat nie op mistiese of gnostiese wyse in hoër en laer gerangskik kan word nie. Christelike etiek en ampsetiek staan gelykwaardig en aanvullend langs mekaar ten opsigte van die keuring van die handeling van ampsdraers.

2 3 Die egte ampsetiek vind sy "Sitz im Leben" nie in 'n oplossing daarvan in die Christelike etiek nie en ook nie in die skepping van 'n denkbeeldige hoër moraal nie, maar wel daarin dat dit duidelik moet uitmaak dat die lewe van die ampsdraer in 'n dubbele opsig beoordeel word naamlik as *gelowige lewe en as gelowige ampsvervulling*. Daarmee bedoel ek eenvoudig dit: Die ampsdraer vervul sy ampsbediening nie vrygestel van die Wet as norm van die lewe nie en ook nie aan die hand van 'n hoër norm vir 'n hoër lewe as die lewe aan die handreëling van die Wet nie. Die naakte feit is dat die ampsdraer sy amp *as gelowige* moet bedien ter wille van sy eie geloof en lewe en ter wille van dieselfde geloof en lewe van die lidmate aan sy sorg toevertrou.

2 4 Dit sal nou goed wees om 'n nadere omskrywing van ampsetiek te gee.

Ampsetiek is die etiese interpretasie van die gegewens vervat in die formuliere vir die bevestiging van ampsdraers in die lig van die Skrif. Die veronderstelling van die bevestigingsformuliere is dat hulle die inhoud van die ampte as goddelike opdrag, Skrifgetrou weer gee. Daarom moet hulle altyd weer aan die Skrif getoets word ten einde te verseker dat hulle daardie pretensie gestand doen.

By die sedelike interpretasie van die gegewens van hierdie formuliere gaan dit doodgewoon hierom: Die inhoud van die ampte dit wil sê wat die ampte werklik is, bied die norme vir die sedelike ampsvervulling. By sedelike interpretasie van die formuliere word dan bedoel die aanduiding van die *normatiewe karakter* van die inhoud

van elke afsonderlike amp. Tweedens word daarmee bedoel die *aanduiding van die ampsgesindheid* wat uit die geloof voortvloei as die persoonlike bereidheid om hart en siel in ooreenstemming met die aangeduide norme die ampt te bedien. Derdens gaan dit daarom om aan te dui dat die ampsdraer, juis omdat hy ampsdraer is, geroepe is om *sy hand aan die Christelike-sedelike lewe van die lidmate te hou en net soseer aan sy eie lewe*. Albei is komponente van die goeie ampsvervulling. Ons kan dit saamvat met Paulus se woord aan Timoteus: *Let op jouself en op die leer, want deur dit te doen sal jy jouself red sowel as dié wat jou hoor*.

3 Die norme vir die ampshandeling en -gesindheid

Aan die hand van die bevestigingsformuliere besien in die lig van Skrif, kan die norme vir die ampsvervulling kortliks en slegs in hoof-treke aangedui word.

3 1 Ten opsigte van die predikantsamp

In hedendaagse terme kan, wat in die formulier gestel word, onder die volgende hoofpunte saamgevat word:

3 1 1 Woordbediening deur prediking, kategese en pastoraat

Die essensie hiervan is dat die Woordbediening *moet* geskied en *reg* moet geskied. Dit kan alleen gebeur *op grond van die uitleg van die Skrif* in ooreenstemming met sy eie bedoeling.

Die Skrifte getuig van Christus, die Woord en geen profesie van die Skrif is 'n saak van eie uitlegging nie. Daarom vra uitleg van die Skrifnavorsing van, naspeuring en ondersoek van die bedoeling van die Gees van die Skrifte.

Juis op hierdie terrein lê miskien die grootste predikantesonde aan te wys. Want dit is moontlik, selfs vir iemand in besit van 'n B A B D, om die Woord onbestudeerd te wil bedien. *Dit kom omdat die objektiewe norm nie oorgaan in innerlike gesindheid nie en wat uiterlik voorgeskryf is nie ook innerlik nagestreef word nie*.

Ek volstaan met hierdie een voorbeeld van disharmonie tussen norm en gesindheid omdat ek nie oor die hele linie van die ampsbediening op die negatiewe moontlikheid wil wys nie, maar eerder die norm wil aandui en wil hoop op die positiewe beantwoording daaraan.

3 1 2 Die liturgiese werksaamheid (sakramente en openbare gebede)

Die Kerk het in die jongste tyd baie aandag aan die liturgie bestee. Daarom hoef daar nie veel daarvoor gesê te word nie.

Behalwe miskien dit: Die liturg is dienaar van God en die gemeente. Dit maak die predikant verantwoordelik vir die beste vormgewing van die erediens *en ook daarvoor* dat die gemeente die erediens *leer verstaan en beleef* as hulle ontmoeting-in-gesprek met God.

Die groot vraag wat wel hier gestel moet word, is: Lê die kern van die swak kerkbesoek van ons gemeentes nie miskien in hierdie geweste nie?

3 1 3 Die handhawing van tug en orde in die gemeente

Dit is 'n tweeledige saak. Dit betref die geestelike en die organisatoriese welwese van die gemeente: Hierby is veral ter sake die wyse waarop die predikant die voorsitterstoel in die kerkraad beset. Juis vanuit hierdie voorsitterstoel is die predikant die verantwoordelike leier, wat moet sorg dat die geestelike lewe en organisatoriese belang in die regte ewewig gehandhaaf en uitgebou moet word.

Die geestelike vervlakking in enige gemeente neem toe in die mate waarin die organisatoriese belang die geestelike belang van die gemeente oorwoek, juis in die kerkraadsvergadering. Die omgekeerde is ook waar: As die organisatoriese belang in die vergadering verwaarloos word, neem wanorde en tugteloosheid in die gemeente toe. Dit is helaas baie dikwels die slegte skuld van die predikant as die kerkraad alles wat die finansiële kommissie reeds gedoen het net omslagtiger herhaal sodat daar van die werklike geestelike arbeid niks tereg kom nie.

Dit moet sondermeer onthou word dat orde in die gemeente noodsaaklik is vir 'n gesonde geloof van die gemeente.

Die implikasies van hierdie kort aangeduide norme vir die predikant se ampsvervulling is duidelik: Volgehoue teologiese studie in die pastorie is onmisbaar. Dit lei tot doelmatige Skrifkennis vir die ampsbediening wat onontbeerlik is vir regte woordbediening in prediking, kategeese en pastoraat, vir sinvolle vormgewing en leiding, aan die liturgie van die gemeente; vir noodsaaklike en gebalanseerde orde-reëlings en -handhawing in die gemeente. Dit is deugsame ampsbediening, want hier in is subjektiewe gesindhied in harmonie met die objektiewe maatstaf. "Uit die voorgaande is dit duidelik hoe 'n heerlike werk die herdersamp is, omdat daardeur sulke groot dinge tot stand kom; ja hoe uiters noodsaaklik dit is, omdat mense daardeur tot die saligheid gebring word" (Formulier).

Versuim van hierdie normatiewe riglyne daarenteen, getuig van ongehoorsaamheid, luiheid en onverskilligheid en só van subjektiewe gesindhied in disharmonie met die objektiewe norm. Daarom staan dit gebrandmerk as afkeurenswaardige ampsvervulling.

3 2 *Die ouderlingsamp*

Die norm vir die ouderlingsamp is tweeledig van aard. Die ouderling se opsieners taak word verrig ten opsigte van die predikant en die lidmate.

3 2 1 Ten opsigte van die lidmate moet die ouderling met woord en voorbeeld die gemeente die geloof in Christus as't ware voorleef en getrou daartoe aanspoor om getrou die eredienste by te woon en die Here te dien in hulle huise en in die openbaar. Dit doen hy nie as 'n lekeprediker of omdat hy in homself 'n heiliger mens as die ander lidmate is nie. Daarvoor ontvang hy die woorde en word sy eie lewe opgebou deur sy eie volgehoue lewe onder die bediening van die Woord.

3 2 2 In verband met hierdie laaste opmerking staan die ouderling se taak ten opsigte van die predikant: Die ouderling moet naamlik waak daarvoor dat die predikant 'n onbesproke lewe lei en die Woord reg sny. Ook hiervoor ontvang hy sy toerusting in die getroue en ywerige ondersoek van die Woord van God en in die oordenking van die verborgenhede van die geloof.

Teenoor hierdie hoë roeping staan die feite: lidmate raak verdwaal, predikante struikel en val. Hulle moes op die ouderling kon steun...

3 3 *Die diakensamp*

Drie norme geld:

3 3 1 Aan die armes en ellendiges hulp verleen.

3 3 2 Goeie middele vind vir die hulp van die armes.

3 3 3 Hulle vertrou met die Woord van God.

Waar die ouderling se ampsvervulling ander moet oproep tot die lewe in die geloof moet die diaken se barmhartigheidspleging nie net hulp verleen nie maar ander tot barmhartigheid inspireer, as gevolg van die barmhartigheid van Christus. Die werklikheid is baie dikwels dat net een van hierdie norme nog vir die diakensamp geld want die diaken is hoofsaaklik nog net 'n kollektant.

4 **Etiek of tegniek?**

Funksieverlies van die ampte

Daar word in die hedendaagse diskussie oor die ampte dikwels daarop gewys dat die ampte aan 'n aantoonbare funksieverlies ly. Dat dit waar is, kan seker nie ontken word nie. En tog, deur toe te gee

dat daar 'n bepaalde funksieverlies by die ampte konstateerbaar is, gee ons nie ook toe dat die voorstelle tot oplossing van hierdie probleem aanvaarbaar is nie. Inteendeel!

Dit is my oorwoë mening dat ons juis 'n ander weg moet gaan, om die eenvoudige rede dat die voorstelle tot oorwinning van die funksieverlies almal in mindere of meerdere mate 'n *vlug in die tegniek in is*. Op hierdie wyse word die wesenlikste vraag in die verband nie beantwoord nie, maar juis ontwyk.

'n Kort verduideliking is nodig!

4 1 *Tegniek*

Die woord word hier in die besondere sin van 'n kuns of 'n vermoë gebruik. In hierdie sin word oorwinning van die funksieverlies van die ampte gesoek in 'n aanleerbare ampskuns of -vermoë. Dat daar in hierdie rigting gedink moet word, is ook, 'n mens wil byna sê, vanselfsprekend. Die ampte is immers bedieninge wat handeling onvermydelik maak. Daarom spreek dit vanself dat die ampskuns of amps-tegniek of werkwyse of metode belangrik is. Maar wie die oorwinning van die funksieverlies slegs in die metode of tegniek van die ampsbediening soek, maak van die ampsbediening 'n *leë vormdiens*.

Natuurlik moet elke ampsdraer so goed as moontlik in die tegniek van die ampsbediening toegerus word, maar dit is iets heeltemaal anders as die hemelbestormende eksperimente met en herstruktureerings van die ampte wat soms voorgestel word. My groot beswaar hierteen is dat dit uiteindelik daarop uitloop dat die ampte inhoudelik verander word om in te pas in 'n vooropgestelde tegniek. Dit is 'n ommekeer van die regte orde. Inhoud is werklik primêr terwyl tegniek sekondêr behoort te wees.

'n Mens skep nie water met 'n mandjie nie. Elke tegniek is slegs dan aanvaarbaar wanneer hy geskik is om die inhoud te dra wat hy moet dra. Daarom moet tegniek gevorm word na die inhoud; die inhoud moet nie gevorm word na die tegniek nie.

4 2 *Etiek*

Dit is hier nodig om 'n kort aanduiding te gee van die verskil tussen etiek as sedekunde en etiek as sedeleer. As sedekunde is die etiek 'n bloot beskrywende wetenskap. Dit gee so 'n pragtige objektiewe beskrywing dat alles mooi netjies in die lug bly hang sonder om kant of wal te raak.

Etiek as *sedeleer* daarenteen beskryf ook, maar gaan verder, dit skryf ook voor. Etiek as sedeleer beskryf die sedelike norm juis as voorskrif en dan nie *net as objektiewe riglyn vir handeling nie, maar wel ook as gids vir subjektiewe gesindheid, sodat norm en gesindheid kan*

saamval in die goeie deugsame daad: Die formuliere vir die bevestiging gaan juis in hierdie rigting op. Daarom word telkens aan elke bevestigende ampsdraer gevra "... belooft u om u amp ... volgens hierdie leer getrou te bedien ...?" Hierin val die klem op die inhoud, op die normatiewe gegewens vir die amp en die bediening daarvan en nie op die tegniek nie, wat hoewel nie onbelangrik nie, tog altyd sekondêr bly.

Die punt in hierdie betoog is dit: Die bevestigingsformulier *dwing ons om die ampsetiek te sien as 'n sedeleer*, wat norm en gesindheid op so 'n wyse voorskryf dat dit duidelik is dat die ampsdraer hart en siel by sy amp betrokke is. Dit wil dat ampsbekleding "uit geloof tot geloof" sal wees. By die vlug in die tegniek in is so iets nie nodig nie. Daar word die heil verwag van 'n tegniek, 'n handvaardigheid waarvoor geen besondere gesindheid nodig is nie en ook nie ter sprake hoef te kom nie.

Bybels gesien lê die saak in die rigting van die formuliere. God maak in die wêreld vir die voortgang van sy werk gebruik van die diens van gelowige mense op so 'n wyse dat sy uiterlike opdrag hulle innerlike gesindheid word waaruit hulle gelowig handel op die voorskrif van die Woord. Daardeur kom "sulke groot dinge tot stand ... omdat daardeur mense tot die saligheid gebring word." Met ander woorde Bybels gesien lê die oplossing van die funksieverlies van die ampte nie in 'n vlug in die tegniek in nie. Dit lê in die gelowige besef van die etiese implikasie vir die ampsdraer self in sy ampsbekleding.

Die oplossing van die funksieverlies lê nie in die ontwerp van altyd nuwe en beter tegnieke nie, hoe goed en dienstig hulle ook mag wees nie. Dit lê op 'n ander vlak. *Net soos wat die daaglikse bekering tot God voorwaarde vir 'n regte Christelike lewe is, presies net so is die daaglikse bekering tot die amp 'n onmisbare voorwaarde vir die regte bediening van die amp*. Daartoe bring die ampsetiek, as sedeleer verstaan en beoefen, die kerk en sy ampsdraers, want daarin gaan dit *nie* oor eie ontwerpe en vermoë nie, maar wel oor goddelike voorskrif en die skeppende en herskeppende krag van daardie selfde Woord.

In die hedendaagse dilemma rondom die ampte kan die verlossingswoord nie tegniek wees nie. Dit *moet etiek* wees.

Daarom moet daar nog meer oor hierdie saak gesê word.

5 Die plek van die ampsetiek in kerk en teologie

Die implikasie van voorgaande betoog is dat funksieverlies by die ampte hand aan hand gaan met die afwesigheid van egte ampsetiek. Daarom is dit 'n ernstige vraag: Hoe kan ampsetiek beter tot sy reg kom? Waar en hoe hoort ampsetiek tuis in die kerk en teologie?

5.1 Wat die predikantsamp betref, is daar myns insiens nie eintlik 'n groot vraag nie. Myns insiens hoort ampsetiek tuis onder die Prak-

tiese Teologie en ook nie as 'n aparte vak nie, maar as 'n faset van die vak Praktiese Teologie self. Dit kan soos volg verduidelik word. Die vakke van die Praktiese Teologie handel in extenso oor die sake wat ons hierbo aangedui het as die objektiewe norme wat toegepas moet word in 'n Bybelsverantwoorde ampsbediening. Dit handel ewe breedvoerig oor die subjektiewe gesindheid van die predikant wat voortvloei uit die feit dat hy geroepe, gelowige prediker, kategeet, pastor, liturg en opsiener vir die gemeente om Christus ontwil is.

5 2 Wat die ouderlings- en diakensamp betref, is die hele saak afhanklik van wat bekendstaan as kerkraadskategese, en die opbouing van die ampsdraers in die erediens, kerkraads- en ander vergaderings en in die persoonlike gesprekke tussen die predikant en afsonderlike kerkraadslede. Die groot probleem vir die huidige is dat hierdie geleenthede hoofsaaklik in die formeel-tegniese rigting benut word. Dit blyk ook uit die strekking van die kerkwetbepalings en die verslaggewing by ringsvergaderings. Daar word wel gevra of en hoeveel ampswerk daar gedoen is maar feitlik glad nie na die norme wat aangelê word of die kwaliteit van die ampsverrigting nie. Hierdie feit blyk selfs wanneer lidmate vir ampsbediening voorgestel word. Sulke voorstelle word gewoonlik gemotiveer met die uitdrukking: Hy sal aanneem. Dit is nie die vraag nie. Die vraag is doodgewoon: Beantwoord die kandidaat aan die ampsetiese vereistes waarvoor hy genomineer is?

6 Die korreksie

Ek noem slegs drie punte kortliks.

6 1 Hierdie situasie kan myns insiens wel reggestel word as ons die geleenthede wat daar bestaan, soos hierbo genoem, aanwend as geleenthede tot ampsetiese toerusting van ons ampsdraers deur klem te lê op die Bybels-voorgeskrewe norm en gesindheid.

6 2 Vir die tweede moontlikheid is daar ook ruim voorsiening in ons Kerk onder die opsig gemaak. As die eersgenoemde moontlikheid behoorlik benut word, sal hierdie tweede op natuurlike wyse daaruit voortvloei. Waar tekorte en gebreke blyk, moet 'n ampsdraer onder die opsig geplaas word nie as eerste stap tot tug nie, maar soos opsig werklik bedoel is, naamlik as korrektiewe hulpverlening.

6 3 Die laaste moontlikheid is natuurlik ontheffing uit die amp waar nie-kwaadwillige onbekwaamheid duidelik is en uiteindelik tug, waar kwaadwillige versuim evident word. Die probleem hier is net dat ons liever 'n lidmaat tug oor 'n saak waarvoor 'n moedswillige of 'n kwaadwillige ampsdraer verantwoordelik is, eerder as om die ampsdraer tot orde te roep.

Hiermee wil ek egter nie pleit vir 'n tugwellus nie, maar net vir 'n meer-verantwoorde opsig- en tugoefening, ten opsigte van predikante, ouderlinge en diakens. Want ook dit is 'n saak met baie duidelike ampsetiese implikasies. Dit vra immers duidelik na die regte norm en die regte gesindheid by die kerk se opsigshouers oor die kerk se ampsdraers.

Hierdie aangestipte weg is slegs moontlik as die kerk ampsetiek beoefen ter wille van die sedelike keuring van sy eie ampsvervulling. In hierdie sin is ampsetiek die kerk se krities-korrektiewe besig-wees met sy eie lewe omdat Christus seker sy kerk ook net dan deur die ampte regeer, as ampsdraers besig is om die ampte *reg te bedien*.